No 10 - 2020] Second Session, Sixth Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

========================

THURSDAY, 4 JUNE 2020

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:23] The Deputy Speaker made a general ruling on the use of the word “hypocrite” during the debate on 21 May 2020.

5. [14:28] The Deputy Speaker made a general ruling on the criticism of holders of office during the debate on 28 May 2020.

6. [14:32] The Speaker gave a ruling on a Statement made by the hon Leader of the Official Opposition during Members Statements on 28 May 2020 and requested the hon Leader of the Opposition to withdraw his Statement.

   The hon Leader of the Opposition withdrew his Statement.

7. [14:37] The Chief Whip moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

8. [14:38] The House discussed the following subject in the name of hon R D MacKenzie:

   The importance of preserving life while, at the same time, preserving livelihoods in the economy.

   Debate concluded.

9. [14:49] Interpellations.

10. [16:43] Questions.

11. [17:38] Statements by Members.

12. [18:00] Motions with Notice

13. [18:15] Mr F C Christians moved without notice: That the House thanks everyone for their contribution in helping vulnerable people during this time, especially those who opened their households for the poorest and the most vulnerable in their communities; notes that we have seen a lot of soup kitchens, feeding schemes and other types of donations, especially in Bonteheuwel, Athlone, Mitchells Plain and Manenberg; and thanks all those who contributed.

    Agreed to.

14. Ms W F Philander moved without notice: That the House notes with great sadness the murder of Dr Roelof Botha in Tulbagh on Monday 1 June 2020; extends our sincere condolences to the family, patients and loved ones of Dr Botha and assures them that our thoughts are prayers are with the Botha family during this time; and notes with concern the senseless attacks on citizens in South Africa.

    Agreed to.

15. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes that Mrs Shireen Gallie, Principal of The Settlers High School, the DA's flagship school in Bellville, has tested positive for COVID-19; and wishes her a speedy recovery.

    Agreed to.

16. Mr R I Allen moved without notice: That the House observes the month of June as World Pride Month; notes that the DA-led Western Cape continues to be a proud supporter of the LGBTQI+ community and promotes equality for all; and further notes that the Stonewall riots in New York City in 1969 was part of civil society's protests against police brutality – a major concern that we still face today.

    Agreed to.

17. Mr M Kama moved without notice: That the House wishes all the victims of gang violence well and commiserates with those who died; and notes that a Manenberg boy, Taufiq Johnson (7), was severely wounded earlier this week when 18 shots were fired on the wooden Wendy house where he stayed and that another boy, Zhario Johnson (2), and his father (32) died last night in a shooting in Bonteheuwel.

    Agreed to.

18. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes the importance of World Foster Day, which was observed on 31 May 2020; and further notes the importance of safe living conditions and healthy family environments and the impact that these have the development of our children.

    Agreed to.

19. Ms W F Philander moved without notice: That the House welcomes the 200 nurses currently undergoing training to work at the CTICC field hospital; further notes that these nurses are heroes who help capacitate our healthcare system in the province as we fight the COVID-19 pandemic; and extends sincere gratitude to the nurses for taking up this critical cause.

    Agreed to.

20. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes the remarkable achievement of Dr Mosadi Mahoko, a registrar in the Division of Plastic and Reconstructive Surgery at Tygerberg Hospital; congratulates her on being the first black woman South African plastic surgeon to qualify from the Stellenbosch University and in the Western Cape, and for recently winning the Jack Penn Medal for the best result in South Africa for the 2019 final plastic surgery examinations – a magnificent achievement; and thanks her for her service.

    Agreed to.

21. Ms D M Baartman moved without notice: That the House notes that the Western Cape Regional Operations received a generous donation on behalf of the Western Cape Government from the MTN Foundation consisting of 1 833 food parcels for food relief during the COVID-19 crisis and 30 tablet devices with 30 x 1 GB data bundles and prepaid SIM cards for the Western Cape Department of Health for use by persons in critical care in hospitals in order to telephone their loved ones; thanks MTN for its generous donation and recognises its contribution as an example of all the great work being done by the private sector during the COVID-19 lockdown to assist the government in responding to this global pandemic; congratulates the Western Cape provincial government for its sterling work in including the private sector in its "whole-of-society" approach to the COVID-19 crisis; and calls for continuous greater involvement of the private sector with the government as we battle one of the greatest challenges of our lifetime together.

    Agreed to.

22. Ms A Bans moved without notice: That the House commends all religious leaders across faith and denomination lines who decided that life is of higher value and suspended worship until the COVID-19 pandemic settled down, even though the national government relaxed restrictions to allow gatherings of a maximum of 50 people.

    Agreed to.

23. Ms W F Philander moved without notice: That the House welcomes the completed 60-bed temporary hospital in Khayelitsha, built by Médecins Sans Frontières (Doctors Without Borders) at the City of Cape Town's Thusong Centre, that can now provide further care to COVID-19 positive patients.

    Agreed to.

24. Mr R I Allen moved without notice: That the House notes with gratitude the donation of 20 000 masks from the Condere Group to traffic and safety officers in the Western Cape; and further notes the support of Minister Albert Fritz and the Department of Community Safety for the protection of front-line workers who continue to serve communities during this time of national crisis.

    Agreed to.

25. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes that another old-age home suffers due to the COVID-19 devastation: the Panorama Palms retirement resort in Cape Town has 41 residents (of whom two have died) and 34 staff members who have tested positive for COVID-19; and bids them a speedy recovery and offers condolences for the families and friends of the deceased.

    Agreed to.

26. Mr R D MacKenzie moved without notice: That the House gives thanks and notes that Mr Achmat Williams (Principal of the Portland High School), Mr Nazeem Jacobs (Principal of the Oval North High School), Mr Cupido (Principal of the Lentegeur High School), Mr Mervin Stoffberg (Principal of the AZ Berman Primary School) and Mr Clive Arries (Principal of the West End Primary School) went beyond their call of duty to get their schools ready for opening; and notes and commends all other schools in Mitchells Plain that undertook to ensure they were ready to receive learners safely.

    Agreed to.

27. Ms N Bakubaku-Vos moved without notice: That the house commiserates with the family, friends and comrades of the late Kwanele (Kwaito) Mills Gugushe of Swellendam who served the ANC and his community at the highest level.

    Agreed to.

28. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with gratitude the generous donations of food to people affected by the COVID-19 lockdown in Hout Bay, Woodstock and the Bo-Kaap, in the Cape Town's central and Atlantic seaboard constituency, by the following hard-working, community-based NGOs: the Sharing Hope Foundation, the Nedebe Foundation, Tshepagalang Holdings and the Southern Suburbs Legal Advice Centre.

    Agreed to.

29. The House adjourned at 18:45.

ROMEO ADAMS
Secretary to the Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 21 MEI 2020

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:17] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:23] Die Adjunkspeaker maak ’n algemene beslissing oor die gebruik van die woord “skynheilige” (“hypocrite”) tydens die debat op 21 Mei 2020.

5. [14:28] Die Adjunkspeaker maak ’n algemene beslissing oor kritiek uitgeoefen oor ampsbekleërs tydens die debat op 28 Mei 2020.

6. [14:32] Die Speaker maak ’n beslissing oor ’n verklaring gemaak deur die agb Leier van die Amptelike Opposisie tydens Verklarings deur Lede by die sitting van die Huis op 28 Mei en versoek die agb Leier van die Opposisie om die verklaring terug te trek.

   Die agb Leier van die Opposisie trek sy verklaring terug.

7. [14:37] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat ondanks die bepalings van Reël 20(1), voorrang gegee word aan die onderwerp vir bespreking.

   Goedgekeur.

8. [16:32] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb R D MacKenzie:

   Die belangrikheid van die beskerming van lewens en die gelyktydige bewaring van broodwinning in die ekonomie.

   Debat afgesluit.

9. [14:21] Interpellasies.

10. [15:25] Vrae.

11. [16:55] Verklarings deur Lede.

12. [18:00] Voorstelle met kennisgewing.

13. [18:15] Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis almal bedank vir hul bydraes om kwesbare mense gedurende hierdie tyd te help, veral diegene wat hul huishoudings vir die armstes en kwesbaarstes in hul gemeenskappe oopgestel het; kennis neem dat ons talle sopkombuise, voedingskemas en ander soorte donasies, veral in Bonteheuwel, Athlone, Mitchells Plain en Manenberg, gesien het; en almal bedank wat bygedra het.

Goedgekeur.

14. Me W F Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met groot hartseer kennis neem van die moord op dr Roelof Botha op Tulbagh op Maandag 1 Junie 2020; innige meegevoel betuig met dr Botha se familie, pasiënte en geliefdes en hulle verseker dat hulle saam met die Botha-gesin in hierdie tyd in ons gedagtes en gebede is; en met kommer kennis neem van sinnelose aanvalle op burgers in Suid-Afrika.

Goedgekeur.

15. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat me Shireen Gallie, hoof van The Settlers High School, die DA se vlagskipskool in Bellville, positief getoets het vir COVID-19; en haar ’n spoedige herstel toewens.

Goedgekeur.

16. Mnr R I Allen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Juniemaand Wêreldgaytrotsmaand is; verder kennis neem dat die DA-beheerde Wes-Kaap voortgaan om ’n trotse ondersteuner van die LGBTQI+-gemeenskap te wees en gelykheid vir almal bevorder; en verder kennis neem dat die Stonewall-onluste in die stad New York in 1969 deel was van die burgerlike samelewing se protes teen polisiewreedheid – ’n groot bekommernis wat ons vandag steeds die hoof bied.

Goedgekeur.

17. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis al die slagoffers van bendegeweld beterskap toewens en medelye betuig met diegene wat gesterf het; en kennis neem dat ’n seun van Manenberg, Taufiq Johnson (7), vroeër hierdie week ernstig gewond is toe 18 skote afgevuur is op die Wendy-houthuis waarin hy gebly het en dat ’n ander seun, Zhario Johnson (2), en sy pa (32) verlede nag tydens ’n skietery in Bonteheuwel gesterf het.

Goedgekeur.

18. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die belangrikheid van Wêreldpleegsorgdag wat op 31 Mei 2020 herdenk is; en verder kennis neem van die belangrikheid van veilige lewensomstandighede en gesonde gesinsomgewings en die impak wat dit op die ontwikkeling van ons kinders het.

Goedgekeur.

19. Me W F Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 200 verpleegkundiges wat tans opgelei word om by die KIKS-veldhospitaal te werk, verwelkom; verder kennis neem dat hierdie verpleegkundiges helde is wat help om die kapasiteit van ons gesondheidsorgstelsel in die provinsie uit te bou in ons stryd teen die COVID-19-pandemie; en opregte waardering teenoor die verpleegkundiges uitspreek vir die opneem van hierdie kritieke taak.

Goedgekeur.

20. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die merkwaardige prestasie van dr Mosadi Mahoko, ’n kliniese assistent by die Afdeling Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie by die Tygerberg-hospitaal; haar gelukwens omdat sy die eerste swart vrou is wat aan die Universiteit van Stellenbosch en in die Wes-Kaap as plastiese chirurg kwalifiseer, en omdat sy onlangs die Jack Penn-medalje gewen het vir die beste uitslag in Suid-Afrika in die finale plastiesechirurgie-eksamen in 2019 – ’n indrukwekkende prestasie; en haar bedank vir haar diens.

    Goedgekeur.

21. Me D M Baartman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Streeksbedrywighede namens die Wes-Kaapse Regering ’n groot donasie van die MTN-stigting ontvang het bestaande uit 1 833 kospakkies vir voedselhulp tydens die COVID-19-krisis en 30 tablettoestelle met 30 x 1 GB-databondels en voorafbetaalde SIM-kaarte vir die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid vir gebruik deur persone in intensiewe sorg by hospitale om hul geliefdes te bel; MTN bedank vir sy vrygewige donasie en erkenning gee aan sy bydrae as ’n voorbeeld vir die reusewerk wat tydens die COVID-19-inperkingstydperk deur die privaat sektor gedoen word om die regering te help om op hierdie wêreldwye pandemie te reageer; die Wes-Kaapse provinsiale regering gelukwens vir sy deeglike werk met die insluiting van die privaat sektor by sy helesamelewingsbenadering tot die COVID-19-krisis; en ’n beroep doen vir die privaat sektor se voortgesette groter betrokkenheid by die regering in die stryd teen een van die grootste uitdagings in ons leeftyd.

    Goedgekeur.

22. Me A Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis alle godsdiensleiers oor alle geloofs- en denominasiegrense heen aanprys wat besluit het dat lewe groter waarde het en aanbidding opgeskort het totdat die COVID-19-pandemie bedaar het, selfs nadat die nasionale regering beperkings verslap het om byeenkomste van ’n maksimum van 50 mense toe te laat.

    Goedgekeur.

23. Me W F Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die voltooiing van die 60-bed- tydelike hospitaal in Khayelitsha, gebou deur Médecins Sans Frontières (Dokters Sonder Grense) by die Stad Kaapstad se Thusong-sentrum, wat nou verdere versorging aan COVID-19- positiewe pasiënte kan verskaf, verwelkom.

    Goedgekeur.

24. Mnr R I Allen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met dankbaarheid kennis neem van die skenking van 20 000 maskers deur die Condere Group aan verkeers- en veiligheidsbeamptes in die Wes-Kaap; en verder kennis neem van Minister Albert Fritz en die Departement van Gemeenskapsveiligheid se steun vir die beskerming van frontliniewerkers wat voortgaan om gemeenskappe in hierdie tyd van nasionale krisis te dien.

    Goedgekeur.

25. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat nog ’n ouetehuis as gevolg van die COVID-19-vernietiging ly: die Panorama Palms-aftreeoord in Kaapstad het 41 inwoners (waarvan twee reeds gesterf het) en 34 personeellede wat positief getoets het vir COVID-19; en hulle ’n spoedige herstel toewens en meegevoel betuig met die families en vriende van die gestorwenes.

    Goedgekeur.

44

26. Mnr R D MacKenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis dank betuig teenoor mnr Achmat Williams (hoof van die Portland High School), mnr Nazeem Jacobs (hoof van die Oval North High School), mnr Cupido (hoof van die Lentegeur High School), mnr Mervin Stoffberg (hoof van die AZ Berman Primary School) en mnr Clive Arries (hoof van die West End Primary School) omdat hulle baie meer gedoen het as wat van hulle verwag word om hulle skole gereed te maak om te heropen; en kennis neem van en al die ander skole in Mitchells Plain aanprys wat onderneem het om toe te sien dat hulle gereed was om leerders veilig te ontvang.

Goedgekeur.

27. Me N Bakubaku-Vos stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met die familie, vriende en kamerade van die ontslape Kwanele (Kwaito) Mills Gugushe van Swellendam wat die ANC en sy gemeenskap tot op die hoogste vlak gedien het.

Goedgekeur.

28. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met dankbaarheid kennis neem van die vrygewige skenking van kos aan mense in Houtbaai, Woodstock en die Bo-Kaap, in die kiesafdelings Kaapstad-sentraal en Atlantiese kusgebied, wat deur die COVID-19-inperking geraak is, deur die volgende hardwerkende, gemeenskapsgebaseerde NRO's: die Sharing Hope-stigting, die Nedebe-stigting, Tshepagalang Holdings en die Southern Suburbs Legal Advice Centre.

Goedgekeur.

29. Die Huis verdaag om 18:45.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement